



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2012

**AFRIKAANS HUISTAAL
MEMORANDUM**

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye en 'n rubriek van 1 bladsy.

AFDELING A: LEESBEGRIP

Nasien van die leesbegrip:

RIGLYNE:

1. Geen penalisering van SPEL- EN TAALFOUTE nie.
2. Die leerder se antwoorde moet volgens die instruksies by elke vraag beantwoord word.
3. Die leerder se antwoord moet 'n sinvolle antwoord in Afrikaans wees. Indien 'n antwoord van 'n ander taal in 'n antwoord gebruik word, skryf slegs die hoofletter van die taal, bv. E (ENGELS)/X (XHOSA) boaan die woord neer. Druk die woord toe; indien die betekenis van die antwoord nie beïnvloed word nie, is die antwoord korrek.
4. Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
5. Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite nagesien.
6. Indien die vraag EEN WOORD vra en die woord is uitgelig (onderstreep/tussen aanhalingstekens), word die punt toegeken.
7. WAAR (JA) of ONWAAR (NEE/VALS/NIE)
 - EERSTE DEEL KORREK en motivering verkeerd (1)
 - Eerste deel VERKEERD en motivering verkeerd (0)
 - Eerste deel verkeerd en MOTIVERING KORREK (0)
8. Indien die vraag spesifiseer dat die antwoord aangehaal moet word, moet aanhalingstekens gebruik word en die korrekte woorde aangehaal word. Geen penalisering indien die antwoord nie tussen aanhalingstekens is nie.

AFDELING A: LEESBEGRIP							
VRAAG 1							
			Punttoekenning	Leeruitkomst	Asseserings-standaard	Denkvlak	
1.1	"kese"		✓	1	3	3.2	1
1.2	"twee ton driuwe per week"		✓				1
	"1 200 tot 1 500 bottels wyn minder"		✓				1
			(2 x 1)	2			
1.3	1.3.1	Hulle het 'n monitor aangestel om die bobbejane dop te hou.	✓	1			1
	1.3.2	<ul style="list-style-type: none"> Dit is die beste manier om te keer dat bobbejane skade aanrig. Die bobbejane word nie seergemaak nie. Die plaas se bestuurder, Mark Dendy-Young is 'n omgewingsgesinde. 	✓ ✓ ✓	(Enige 2) (2 x 1)	2		1 1
1.4	1.4.1	Letterlik: Jy gaan soek die bobbejaan agter die bult en bring hom saam. (iets soortgelyk)	✓	1			2
	1.4.2	Figuurlik: Jy loop moeilikheid vooruit.	✓	1			3
1.5		Die brande het die plante wat deur die bobbejane geëet word vernietig / en hulle moes dus ander kos soek.	✓ ✓	2			2 3
1.6		In paragraaf 1 het die boere boos geword en in paragraaf 3 was hulle nie té ontsteld nie. (Mag nie "vererg" of "kwaad" gebruik nie.) (Albei moet genoem word.)	✓	1			2

1.7	<ul style="list-style-type: none"> Die wyn se gehalte is baie goed/fantasties. Die kleur is intens. Die vrugte is smaakvol/uitsonderlik. 	✓ ✓ ✓	3			1
			[14]			
VRAAG 2						
2.1	Die moderne mens word al hoe vetter.	✓	1	3	3.2	1
2.2	“ly” laat ’n mens aan ’n siekte dink – hulle ly aan vetsug. “vreetsame” wys dat hulle te veel eet.	✓ ✓ (2 x 1)	2			2
2.3	2.3.1	Hansie en Grietjie	✓	1		2
	2.3.2	Die heks se huisie is van lekkers gemaak. Die heks het mos die kinders vet gevoer. Daar is ’n seuntjie (Hansie) en ’n dogtertjie (Grietjie).	✓ ✓ (Enige 2) (2 x 1)	2		1
				[6]		
TOTAAL VIR AFDELING A:			20			

AFDELING B: OPSOMMING	
VRAAG 3	
<p>NASIENRIGLYNE:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ken 'n punt toe vir elke feit = 7 punte (7 feite = 7 punte) • Slegs volsinne verdien punte • Beoordeel taal en styl = 2 punte <ul style="list-style-type: none"> • Geen taalfoute nie en hoogstens 3 spelfoute = 2 punte • Taalfoute en meer as 3 spelfoute = 1 punt • Telegramstyl = 0 • Kontroleer dat daar nie meer as 50 woorde is nie = 1 punt • Aantal woorde korrek en nie meer as 50 nie = 1 punt • Meer as 50 woorde of getal nie aangedui nie = 0 punte • Sien slegs na tot 50 woorde (die kandidaat verbeur dan die punt vir die korrekte aantal woorde) <p style="text-align: right;">7 + 2 + 1 = 10</p>	[10]

KRITERIA	PUNTE
Aantal korrekte feite in volsinne	7
Taal en styl	2 – 0
Korrekte aantal woorde aangedui en gebruik	1 – 0
TOTAAL	10

			Puntoekenning	Leeruitkomst	Asseserings-standaard	Denkvlak
	<u>7 FEITE</u>					
1.	Kook meer as benodig en vries etes.	✓	1	3	3.4.1	2
2.	Besnoei TV-kyktyd en lees of speel saam.	✓	1			
3.	Geniet aandete saam en gesels.	✓	1			
4.	Beplan saans vir die volgende dag.	✓	1			
5.	Gebruik rytyd vir gesels, saamsing of rympies opsê.	✓	1			
6.	Kry 'n huishulp, 'n skottelgoedwasser of die gesin om met huisskoonmaak te help .	✓	1			
7.	Onderhandel jou werksure .	✓	1			
			[7]			
TOTAAL AFDELING B:			10			

AFDELING C: POËSIE						
VRAAG 4						
			Punte-toekennning	Leeruitkomst	Asseserings-standaard	Denkvlak
4.1	“Dux-leerling”/ ekstra vakke “SA-skolespan” / “Cravenweek”	✓ ✓ (2 x 1)	2	3	3.2	1
4.2	Sy pa is nooit tevrede nie en verwag net altyd nog meer van hom.	✓ ✓	2			1 2
4.3	die beste, die hoogste	✓	1			2
4.4	Metafoor	✓	1			1
4.5	Atletiek	✓	1			1
4.6	Hy besorg net pyn vir sy pa, want sy pa is altyd teleurgesteld. (’n Turksy is vol dorings.)	✓	1			3
4.7	sestet/sekstet	✓	1			1
4.8	Paarrym	✓	1			1
			[10]			
TOTAAL AFDELING C:			10			

AFDELING D: TAALWERK IN KONTEKS							
VRAAG 5							
				Punttoekenning	Leeruitkomst	Asseserings-standaard	Denkvlak
5.1	5.1.1	Daar is baie ander seuns/meisies met wie jy 'n verhouding kan aanknoop.	✓	1	6	6.4.3	2
	5.1.2	Iemand sê met simpatie dat daar baie visse in die see is. / Iemand sê simpatiek dat daar baie visse in die see is.	✓ ✓ (Enige 1)	2	6	6.2.17	2
	5.1.3	Splinternuwe	✓	1	6	6.2.4	1
	5.1.4	Navorsers	✓	1	6	6.1.5	2
	5.1.5	Gemiddeld / Dieselfde	✓ (Enige 1)	1	6	6.1.1	1
	5.1.6	verliefdheid	✓	1	6	6.1.5	2
	5.1.7	uit	✓	1	6	6.2.10	1
5.2	5.2.1	aktrise	✓	1	6	6.2.1	1
	5.2.2	driehonderd agt en vyftig / driehonderd agt-en-vyftig	✓ (Enige 1)	1	6	6.2.8	1
	5.2.3	'n rokjagter / 'n beginsellose ontroue minnaar / 'n man wat met baie vrouens verhoudings het.	✓ (Enige 1)	1	6	6.4.3	3
	5.2.4	vonds	✓	1	6	6.1.8	1

	5.2.5	'n opeenhoping van klinkers wat lees bemoeilik	✓	1	6	6.1.1	2
	5.2.6	Verheugde / geesdriftige	✓	1	6	6.1.8	2
	5.2.7	passasiers (korrekte spelling)	✓	1	6	6.1.8	2
5.3	5.3.1	gewilder	✓	1	6	6.2.4	1
	5.3.2	Wat as sy <u>té</u> gewild is?	✓	1	6	6.1.3	1
	5.3.3.1	Kan opspoor (nie: kan <u>nie</u> opspoor <u>nie</u>)	✓	1	6	6.2.2	2
	5.3.3.2	Liz	✓	1	6	6.2.12	2
	5.3.3.3	(haar) grimering	✓	1		6.2.12	2
		TOTAAL AFDELING D:		20			
		AFDELING E: SKRYFWERK					
		VRAAG 6					
		Merk volgens die ingeslote rubriek.		[40]	4	4.1.1 4.1.2	

40 PUNTE	KODE 7 Uitstaande 80 – 100%	KODE 6 Verdiensielik 70 – 79%	KODE 5 Beduidend 60 – 69%	KODE 4 Voldoende 50 – 59%	KODE 3 Matig 40 – 49%	KODE 2 Basies 30 – 39%	KODE 1 Ontoereikend 0 – 29%
INHOUD EN BEPLANNING 28 PUNTE	<u>22½ – 28</u> -Inhoud is treffende, begrip van onderwerp. -Ideeë uitdagend en volwasse. -Beplanning en/of eerste poging lei tot gepaste opstel.	<u>20 – 22</u> -Deeglike interpretasie van onderwerp. -Ideeë interessant en verbeeldingryk. -Beplanning en/of eerste poging lei tot redelike, gepaste opstel.	<u>17 – 19½</u> -Goeie interpretasie van onderwerp. -Ideeë interessant en oortuigend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n redelike, gepaste opstel.	<u>14 – 16½</u> -Voldoende interpretasie van onderwerp. -Ideeë gewoon en diepte ontbreek. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n aanvaarbare opstel vir TAT	<u>11½ – 13½</u> -Gewoon met leemtes in samehang. -Ideeë meestal relevant, herhalend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot gemiddelde, koherente en verstaanbare opstel	<u>8½ – 11</u> -Inhoud dikwels onverstaanbaar. -Gebrek aan samehang. -Ideeë is min en dikwels herhalend. -Onvoldoende beplanning en/of eerste poging. -Opstel nie goed aangebied nie.	<u>0 – 8</u> -Inhoud nie ter sake nie. Geen samehang nie. -Ideeë verwarrend. -Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal. Swak opstel.
TAAL, STYL EN REDIGERING 7 PUNTE	<u>6 – 7</u> -Toon kritiese taalbewustheid. -Effektiewe gebruik van taal en punktuasie. -Maak van figuurlike taal gebruik. -Woordkeuse is toepaslik/uitmuntend. -Styl gee akkurate weergawe van onderwerp d.m.v. woordkeuse. -Opstel feitlik foutloos na proeflees en redigering.	<u>5</u> -Enkele tekens van kritiese taalbewustheid. -Taal en punktuasie redelik onder beheer, kan figuurlike taal gebruik. -Woordkeuse meestal geskik. -Styl gee geskikte weergawe van onderwerp d.m.v. woordkeuse. -Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering.	<u>4½</u> -Beperkte bewyse van kritiese taalbewustheid -Taal en punktuasie: meestal korrek. -Woordkeuse is redelik beperk, maar gepas vir opstel. -Styl redelik toepaslik en voldoen aan vereistes vir onderwerp. -Redelik foutloos na proeflees en redigering.	<u>3½ – 4</u> -n Aanduiding van kritiese taalbewustheid -Taal baie eenvoudig en punktuasie voldoende. -Woordkeuse effens beperk, maar voldoende vir onderwerp. -Styl bietjie in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. -Opstel het steeds foute na proeflees en redigering.	<u>3</u> -Taal beperk en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik. -Woordkeuse basies en beperk. -Styl toon gebrek aan samehang en nie geskik vir onderwerp. -Opstel het steeds baie foute na proeflees en redigering.-	<u>2½</u> -Gebrekkige taal en punktuasie. -Woordkeuse baie beperk. -Styl pas nie by onderwerp nie. -Opstel is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.	<u>0 – 2</u> -Ernstige gebrek aan taal en punktuasie. -Woordkeuse is verwarrend. -Styl gebrekkig in alle opsigte. -Opstel is besaai met foute en verwarrend t.s.v. proeflees en redigering.
STRUKTUUR 5 PUNTE	<u>4 – 5</u> -Ontwikkeling van onderwerp samehangend met verbeeldingryke detail. -Sinne en paragrawe samehangend saamgestel, dra betekenis goed oor. -Lengte is korrek.	<u>3½</u> -Ontwikkeling van onderwerp logies. Koherent. -Sinne en paragrawe geskik saamgestel, betekenis is duidelik. -Lengte is korrek.	<u>3</u> -Ontwikkeling van net 'n paar relevante details. -Sinne en paragrafering redelik saamgestel, betekenis is duidelik. -Lengte is korrek.	<u>2½</u> -Onderwerp bevat sommige ideeë; noodsaaklike detail egter ingesluit. -Sinne en paragrawe het leemtes, maar betekenis is duidelik. -Lengte is amper korrek.	<u>2</u> -Daar is bewys van ontwikkeling van sommige noodsaaklike ideeë. -Sinne en paragrafwe foutief, maar betekenis is duidelik. -Lengte is te kort/te lank	<u>1½</u> -Dwaal soms van die onderwerp af. algemene gedagtegang moeilik om te volg. -Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr saamgestel. -Lengte is te kort/te lank.	<u>0 – 1</u> -Afgedwaal van die onderwerp. -Sinskonstruksie en paragrafering: deurmekaar en ondeurdag. -Lengte is heeltemal te kort/te lank.

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 100